

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 202

(Februarie 1986)

God die Heilige Gees werk

* * * * *

"So sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal
my GEES uitstort op alle mense."

(Hand. 2:17)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Doopbelofte nagekom

In ons dag is die woord van 'n mens bitter min werd.

Baie praters

baie MIN daders.

O, daar word so baie gepraat oor alles en nog wat. So baie beloftes word gemaak. Maar so dikwels is alles hol en leeg.

Tog het God ook eens gepraat en gedoen wat Hy gesê het:

"... om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou " (Gen. 17:7)

Dit is Gods verbond vir ons en ons kinders

- om vir ons 'n God te wees.
- om vir God 'n volk te wees.

Ons is Syne.

Maar as ons aan God behoort, dan behoort God mos ook aan ons. Daarom kon Thomas ook sê: "My Here en my God" (Joh. 20:28). Dit is in kern wat die doopbelofte ook inhou:

Om ons kinders in die vrees van die Here op te voed. Hiermee vertrou God sy volk in ons hande toe. As ouers het ons daardie dure verantwoordelikheid om Gods volk uit te bou en vir God bymekaar te hou.

Ons is deur God so vertrou dat ons met ons kinders afgesonder is om vir Hom te lewe.

Daarom is ons opdrag om vir ons kinders:

- Te bid
- Voorbeeld te stel
- Te onderrig in Gods Woord
- Saam te vat kerk toe.

Ons dink so maklik dat ons maar net ons kinders kan *stuur* na die kerk toe. Stuur na die skool toe . . . Maar God roep my om voor my kind te loop.

Ek moet die beeld van voor gee

die VOORBEELD stel.

Nie STUUR nie

Ek moet self GAAN

Daarom moet ek betrokke wees by die kerk

Ter wille van myself

Ter wille van my kind

Ons het God innig nodig vir *ons* saligheid, terwyl God ons eintlik nie eers nodig het nie.

Hoe lyk dit by die skool?

Stel ons belang?

Leef ons mee?

Ek moet kontak hou met die skool en baie goed ag slaan op my kind se vordering.

Ek moet daar wees as die bestuursliggame verkies word.

Dit is alles deel van my doopbelofte om my kind te "onderrig en te laat onderrig."
God bind my aan die Kerk maar ook aan die skool.
God bind my deur my woord aan Hom maar bind my ook deur Sy Woord aan Hom.
God hou Sy woord, en mag God ons die genade gee om ook ons woord na te kom.

Ds. Andries Mulder

Christus het belowe

Weet jy, daar is mense wat sê:

- Die Heilige Gees moes op aarde kom voltooi wat Christus nie kon afhandel nie
- óf: Die Heilige Gees is 'n noodmaatreël omdat Christus gedood is.

Nee, dit kan mos nie! Want . . .

As Jesus ná die dood reeds *lewe*, sê Hy vir sy dissipels in Lukas 24:49:

"Ek sal die (Heilige Gees) wat my Vader *beloof* het, vir julle stuur." Bly in die stad, "*totdat* julle met krag van bo toegerus is".

Sien jy — Jesus *lewe!* Sy taak is afgehandel. Daarom hierdie belofte:

Die Heilige Gees.

Let op in die eerste plek: Die Gees is 'n *belofte* van die Vader deur Jesus Christus.

En tweedens: Hy moet die mens *toerus* of ook: *troos*. Daarom word die Heilige Gees ook genoem: Trooster!

Hoekom hierdie *belofte* van 'n *Trooster*?

Om die eenvoudige rede: Die Christen het 'n ontsaglike taak op aarde. Hulle moet die wêreld in die naam van Jesus Christus verower!

En Jesus weet:

- Hierdie taak sou van sy kind 'n opoffering eis van goed en bloed.
- dit sou, menslik gesproke, 'n onmoontlike taak wees.

Daarom sy belofte: Julle is nie alleen in julle taakvervulling nie . . . die Heilige Gees sal julle lei. Moenie bang wees nie . . . die Heilige Gees sal julle troos.

Troos? Is dit dan nie net swakkeling wat leiding en troos nodig het nie? Nee, hierdie "troos" in die Bybel en in verband met die Heilige Gees beteken letterlik: "Terugkeer wat jy verloor het." Daarom troos Jesaja die volk: "Julle sal uit die hand van die Here dubbeld terug ontvang."

Die Heilige Gees lei dus nie net nie . . .

Hy staan jou nie net by in jou taak nie . . .

Hy troos . . . m.a.w. Hy gee terug wat jy verloor het . . .

Hy gee *alles* terug,

want jy het alles verloor!

JA . . .

- jy ontvang God terug as Vader in Christus
- jy ontvang jou kindskap terug
- jy ontvang vergifnis van sonde
- jy ontvang die ewige *LEWE* terug.

Alles! Deur die *Trooster* wat Christus *beloof* het.

Daarom is 'n kind van God . . . RYK

- ryk in geloof
- ryk in die salige gemeenskap met Christus

— ryk in goeie werke

Só ryk . . . dat jy uit genade ewig sál lewe.

Nou kan die kerk sing ... van hierdie Christusbelofte:

"Ek geloof in stille aanbidding
in die Heilige Gees, wat my
in my sondedood gewek het,
my as Trooster leer en lei!"

En hierdie belofte word werklikheid met Pinkster.

Ds. Nico Ligthelm

Die stormwind...

Die vuurtonge ...

Die ander tale

(Hand. 2:2-4)

Die gebeure op die Pinksterdag, waarvan ons lees in Handeling 2, is van grondliggende betekenis vir Kerk en wêreld. Want op daardie veelbewoë dag het God die Heilige Gees as't ware van woonplek verander. Hy het nou permanent op aarde kom woon — in die Kerk, in die harte van gelowiges — om hier sy heiligende werk te doen. Die koms van die Heilige Gees het gepaard gegaan met hoorbare en sigbare tekens. Die sowat 120 gelowiges wat daar in die bovertrek in Jerusalem bymekaar was, het skielik 'n geluid gehoor soos van 'n geweldige stormwind; hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het; en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om te doen.

Dit was aangrypende oomblikke, en veelbetekende gebeure. Die Heilige Gees het sy intrek in die Kerk geneem met die geluid en die krag van 'n geweldige stormwind. Dit dui op die onweerstaanbare krag van die Gees van God, waarmee Hy die hardste hart vermurwe, waarmee Hy die mees ongeneë gemoed ombuig, en waarmee Hy nuwe lewe in dooie harte wek. En só stuur Hy sy Kerk met die vaart en die krag van 'n stormwind die wêreld in om dié wat aan Christus behoort, vir Hom te versamel.

Die tonge van vuur wat op elkeen gaan sit het, dui op die louterende krag en verliggende werking van die Heilige Gees, waarmee Hy sy gelowiges asof met vuur besiel tot oorgegewe diens in die koninkryk van God. En hiermee stuur die Gees ook die Kerk en elke gelowige, met harte wat brand van wederliefde en woorde wat vlam van oortuigingskrag, om op alle plekke en te alle tye die lig van die wêreld te wees.

Die derde teken vind plaas in die aktiwiteit van die gelowiges:

"Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat . . . oor die groot dinge wat God gedoen het." (Hand. 2:4,11)

Deur die inwoning van die Gees van God word die Kerk en al sy lidmate nou 'n *sprekende* Kerk — Geesvervulde gelowiges wat met woord en daad moet getuig van die groot dade van God! Op die Pinksterdag maak God deur sy Gees van sy gemeente 'n profetiese gemeente,

- draers van die Woord van God.
- verkondigers van die Evangelie om alle mense te bereik!

Die simboliek van die drie tekens op die Pinksterdag vind ons terug in die opdrag van Jesus aan die apostels net voor sy hemelvaart:

"... julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem, sowel as in die hele Judea en in Samaria, en tot in die uithoeke van die wêreld."

En vir die uitvoering van hierdie opdrag het God Sy Gees gestuur as onontbeerlike toerusting vir elke gelowige. Dit is Hy wat die krag en die insig en die vrymoedigheid gee om te spreek.

Die Pinkstergebeure plaas 'n besondere verantwoordelikheid op elke gelowige: Om as lewende en besielde kinders van die Here sorg te dra dat die Evangelie van vrede by alle

mense tuisgebring word.

In al die tale van die wêreld moet ons van Christus praat—

- in die taal van die wetenskap en die ekonomie,
- in die taal van die politiek en die kultuur,
- in die taal van die arbeid en die ontspanning.

Woorde en tale van die groot dade van God in Christus Jesus!

U is daartoe met die Gees van God toegerus — gebruik dan hierdie toerusting om u roeping te vervul - biddend om die krag van die Heilige Gees!

Ds. Pieter van der Walt

Die Heilige Skrif is deur die Heilige Gees geïnspireer

(2 Pet. 7:21)

"Deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig."

Het u al nagedink oor die vraag: Waar kom die Bybel vandaan?

Dit het in ieder geval *nie* so gebeur dat die Bybel ewe skielik uit die hemel geval het nie!

Deur mense geskryf

Die Bybel is deur mense geskryf. Gewone mense het hulle penne opgeneem en op papier neergeskryf wat ons vandag in ons besit het as die Woord van God. Maar die belangrike saak wat ons moet raaksien in verband met die Bybelskrywers, is: Hulle het nie uit hulle eie besluit om te skryf nie. En hulle het ook nie hulle eie woord en gedagtes neergepen nie.

Deur die Heilige Gees meegevoer

In Hand. 27:15 lees ons: "Die wind het die skip *meegesleur*" — dit is die skip waarmee Paulus op pad was na Rome en wat toe op die rotse geloop het.

Soos wat 'n wind 'n skip aan sy seile gryp en hom meevoer, só het die Heilige Gees mense vervul en hulle gedrywe om die Woord van God neer te skryf.

Die profete en die apostels en die ander Bybelskrywers het nie hulle eie gedagtes op skrif gestel nie. Nee, die Heilige Gees het vir hulle die koers aangedui.

Van die valse profete lees ons in Jer. 23:16 :

"Hulle praat oor visioene wat *hulleself* uitdink, nie oor wat die Here sê nie."

God praat deur mense.

God gebruik dié mense om vir ons te sê wat Hy aan ons wil sê. God kom deur hulle aan die woord.

2 Kor. 5:20: "Ons tree op as *gesante* van Christus, en dit is *God* wat *deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus.*"

Dit is waarop die profete in die Ou Testament telkens sê:

"So sê die Here, Here"

- Jeremia stel dit baie mooi. In Jer. 1:9 staan:

"Hy (die Here) het sy hand uitgesteek en my mond aangeraak en vir my gesê:

Ek het nou my woorde in jou mond gelê."

Skrywer nie stokke en blokke

Die Here gebruik nie die Bybelskrywers soos stokke en blokke, soos marionette, wanneer hulle skryf nie.

Onder die aandrywing van die Heilige Gees, terwyl die Heilige Gees hulle seile vul, is hulle volledig onder beheer van wat hulle doen.

'n Pragtige voorbeeld van die aktiwiteit wat ons by die skrywers self kry, is Lukas. Hierdie dokter, hierdie fyn wetenskaplike doen eers sistematies *navorsing* voordat hy sy pen op papier sit.

Luk 1:3: "(Ek het) ook goedgevind om alles stap vir stap *van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig* in *die regte volgorde* vir u (hooggeagte Teofilus) **neer te skryf!**"

Navorsing! Sweet! Só gebruik die Heilige Gees jou — vandag nog!

Die Heilige Gees verklaar die Skrif

Die Woord van God wat deur die Heilige Gees aan ons gegee is, kan ons *nie* self verklaar nie.

Die eintlike *Skrywer* van die Bybel is die Heilige Gees. En wie anders kan die eintlike *Verklaarder* van die Bybel wees as dieselfde Heilige Gees?

Hy open vandag nog in jou hart jou ore sodat jy die stem van God helder en duidelik kan hoor. Hy ontknoop die Skrif vir jou.

Luk. 24:45: "Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan."

Vandag hoor jy Sy stem deur Amos se mond. Mōre spreek Hy jou aan deur Paulus. Maar dit bly steeds God wat met jou praat.

- Daarom: As jy Sy stem hoor, *luister* na Hom — *én doen* wat Hy vir jou sê.

Luk. 16:31: "As hulle na Moses en die profete (dit is die Woord van God) nie luister nie, sal hulle nooit oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan."

Ds. D. H. Grové

Gedoop met die Heilige Gees

(Hand 1:15)

"... *julle sal met die Heilige Gees gedoop word.*"

Pinkster staan in die Nuwe Testamentiese kerk as die beginpunt van die werk van die Heilige Gees!

Die Heilige Gees is ten volle uitgestort!

Maar wat is dit om met die Heilige Gees gedoop te wees?

In Handeling 1 is die Here Jesus besig om sy laaste opdragte aan die dissipels te gee! Dan sê Hy: "julle sal met die Heilige Gees gedoop word."

Dit is om vervul te word deur die Heilige Gees. Dit is om vol te word van die Heilige Gees. Dit is dat die Heilige Gees besit neem van ons. Dit is dat die Heilige Gees oor ons vaardig word; So sien ons dit met Dawid (1 Sam 16:13)

". . . en die Gees van die HERE het van die dag af en verder oor Dawid vaardig geword."

Dawid word ampsvaardig gemaak vir sy koningskap. Dawid is vervul met die Heilige Gees, sodat hy gelei kan word in sy werk as dienskneg, as koning van Israel.

Nou is dit presies dieselfde!

Met Pinkster ontvang elke kind van God die Heilige Gees, om ons ampsvaardig te maak.

Die Heilige Gees lei ons in die amp van die gelowige. Hy lei ons in ons werk as Christen, as kind van die HERE.

Om gedoop te wees met die Heilige Gees, is om so vol te word van die Heilige Gees, dat Hy ons regeer, en lei.

Meer nog!

Die kerk van die Here is Sy bruid. Die bruid word nou deur die Heilige Gees gelei, en gereed gemaak! Die Heilige Gees berei die bruid voor, Hy bring haar in gereedheid!

Die Heilige Gees beklee u en my met Jesus Christus!

Om met die Heilige Gees gedoop te wees is om God te ontmoet!

Ds. L. van Schaik